Sinodale A.S.K. vergadering, gehou in die Sendingkantoor op Maandagaand, 10 Aug. tot Woensdag gedeelte, 12 Augustus 1931.

Teenwoordig: Di.A.J.Malherbe, C.R.Ferreira, Z.J.v.Wyk, G.W.Koornhof, J.C.du Plessis, B.A.Spies, (as sekundes van Ds.C.F.Kies, wat verhinder is te kom), Dr.I.C.de Villiers (as sekundes van Ds.A.J. Liebenberg).

Ds.H.S.K.Botha sal môre teenwoordig wees, en Ds.C.W.de Wet is verhinder te kom weens krankheid van sy vrou.

Die Voorsitter en enige van die broeders gaan voor in die gebed.

DIE BUITELAND.

Uit vorige Notule:-

1. Hospitaal vir Blankes: Verslag word gedoen dat die hospitaal byna voltooi en dat dit 'n mooi en doelmatige gebou is. Daar kom £200 kort op die gebou.

Dit word besluit dat die Sekretaris aan sekere persone moet skryf en vra of hul nie wil help om die koste van die hospitaal te dek nie.

2. Ds. Scheepers: Die besluite van die Raad, Nos.12 en 26 rakende hierdie saak word ook behandel en die briewe van Luster Rijnaen en Ds.W. A.Krige in verband met Mej.v.d.Heever word ook gelees. Uit die verslag van Di.Ferreira en Strydom word ook 'n deel, wat hierdie saak raak, gelees. Na die saak breedvoerig bespreek is, word die saak aan Dr.I.C.de Villiers en Ds.J.C.du Plessis opgedra om 'n bereedeerde voorstel voor die vergadering te lê, wat as volg lui, en wat deur die vergadering, na enige wysigings, aangeneem is:-

I. Ten eerste insake Ds.C.F.Scheepers:

(a) Dat aan die Sinodale Kommissie gerapporteer word die hele toedrag van sake soos ondervind deur die A.S.K., wat te goeder trou van sy dienste gebruik gemaak het, in samewerking met die Buitelandse Sendingraad, vir spesiale geestelike arbeid in die veld, maar wat nou afwykende leerstellings deur hom verkondig, moet betreur. Die verstandhouding dat die broeder hom nie sou inlaat met vraagstukke soos geloofsgenesing nie, is blykbaar deur hom nie gehandhaaf geword nie.

(b) Dat aan Ds.C.F.Scheepers 'n skrywe sal gerig word waarin afkeuring gegee sal word van sy beskouings, en dat verlof hom sal geweier word vir sy verdere optrede en verband met ons Sending, en waarin hom kennis gegee word van (a).

II. Insake voorgegewe afwykende beskouings in Sendingveld:-

(a) Dat aan elke lid van die personeel in die Buitelandse Sending gestuur sal word 'n afskrif van die besluite van die Raad der Kerke insake geloofsgenesing en word die personeel daarop attent gemaak dat dit ook die besluit van ons Sinode is.

(b) Daar die besluit van die Sending Raad insake geloofsgenesing ooreenkom met die besluit van die Raad der Kerke, keur hierdie A.S.K. die besluit van die Raad goed.

(c) Dat aan die personeel in ons Sendingveld sal kennis gegee word dat in geval daar persone mag wees wat afwykende beskouings het, dit van hul geëis word daarvan onmiddellik kennis te gee, deur die Uitvoerende Raad of Raadskommissie aan die A.S.K. Hierdie besluit is ook deur die Raad geneem, en word dus bekragtig.

3. Die verhouding van die A.S.K. tot die Sending Raad: In hierdie verband word punt 2 van die verslag van Di.Ferreira en Strydom, en punt 22 van die Sending Raad gelees, waarna die volgende besluit geneem is:- "Die Kommissie verneem met dankbaarheid dat die lug weer geklaar is en dat daar die regte verhouding weer bestaan tussen die A.S.K. en die Sending Raad."

4. Byarae van die Regering vir skoolbesoek: Punt 11 van die verslag van die deputasie na die Sendingveld word gelees, waaruit die blyk dat die Regering nie in die vervolg weer die vrae vir die onderwysers in Engels by hul eksamen sal stel nie, maar wel in die volkstaal behalwe vir Engels as taal. Daar is op die oomblik nie hoop vir meer gelydelike toelae nie.

5. Onvolleer van Ds.Pauw: In die verslag van die deputasie punt 7 word gemeld as volg:- "Ons het saam met die Raad die moeilikheid van 'n Voorsitter en hoof van die Sending gevoel, en toe aan die hand gegee om 'n Visie-Voorsitter te kies wat voorlopig sal ageer as hoof van die Sending ook."

Dit word besluit voorlopig te berus by hierdie reeling. Ds.W. A.Krige is gekies as Visie-Voorsitter. Hy ageer dan ook tans as Hoof van die Sending.

6. Skoolbesoek en skoolmateriaal: In verband hiermee word besluite Nos. 6 en 7 van die Raadsvergadering gelees, insake die genoemde twee sake, nl. dat die Raad voel dat daar genoegsame skoolmateriaal moet wees, en verder keur die Raad die beginsel goed dat die gemeentes vir die A.S.K. reise van die Sendeling in die gemeente moet betaal, maar vra die A.S.K. dit geleidelik toe te pas tot tyd en wyl die gemeentes alles kan byarа.

Dit word besluit: (a) dat die A.S.K. geneë is sy besluit van Februarie l.l., insake reiskoste in die gemeente, in hersiening te neem, mits die gemeentes die A.S.K. onverwyld in kennis stel wat elk besluit het by te dra. Van die gemeente van Kerwe is reeds gunstige tyding ontvang.

(b) Insake die skoolmateriaal: Die A.S.K. het sy besluit van Feb. in hersiening geneem mits die Raad inwillig om, as delging van die skuld Breke Fonds (groot £500) hierdie jaar en voorts elke jaar tenminste £40 te stort.

Die eerste sessie word gesluit met gebed deur Ds.B.A.Spies.

Dinsdag, 11 Augustus. Die vergadering word geopen met gebed.

7. Suster Riphagen: Die brief van Suster Riphagen word gelees insake haar nuwe opvatting van mediese werk, nl. dat nie meer medisyne toegedien mag word nie, en ook nie menslike metodes nie, maar wel - so sê sy - die Bybelse, d.i. net deur geloof en gebed. Sy vra dat ingeval die A.S.K. haar nie meer wil terug he as verpleegster nie, sy dan mag aangestel word vir ander werk soos matrone van meidjies tehuise.

Dit word besluit dat die A.S.K. dit innig betreur dat sy 'n beskouing toegedaan is wat nie dié van ons Kerk is nie, en maar die A.S.K. haar dienste hoog waardeer, word vertrou dat sy haar werk soos in die verlede sal voortsit, aangesien sy nie vir 'n ander betrekking in die sendingveld kan benoem word nie. As sy nie kans sien om terug te gaan as verpleegster nie, neem sy volgens Reglement haar ontslag, en by die volgende vergadering sal 'n plaasvervanger aangestel word.

8. Geboue op Tamanda: Eerw.G.Veltman rig 'n skrywe dat hy aan die Kommissie £70 sonder rente sal leen tot a.s. jaar en die skoolgebou dadelik mee op te rig. Die vriendelike aanbod deur die Br. gedoen, word aangeneem en toestemming word verleen vir die bou van die skool, koshuis en hospitaal soos in punt 13 van die Raads besluite bevat word.

9. Gebou Melsetse Kolonie: As gevolg van verdere inligting, insake die toelaag van die "Mission to lepers in the B.K.Empire" nl., dat dit alleen vir geboue mag gebruik word, gee die Kommissie sy goedkeuring.

10. Lorrie na Lusaka: Dit word gerapporteer dat daar tans tenders gevra word vir die vervoer van goedere en passasiers tussen Lusaka en Fort Jameson. Dit word besluit dat die Sending lorrie nie meer sal gebruik word nie, daar die te duur is en te veel tyd van ons boumeester vereis. Verder word besluit dat voortaan die Reglement 8(a) so sal gewysig word dat die sending slegs die reiskaartjie van die sendelinge sal betaal, en nie meer enige toelaag vir goedere per spoor of per lorrie

aanwat deur die passaat bedrag vry mag gaan nie. Wat betref die klas van reiskaartjie, bly die saak oorstaan tot die volgende vergadering. As Kommissie van Rewiesie word Di.Ferreira en Strydom aangestel.

10. Eerw. S. Pienaar: Dit word besluit dat Eerw.Pienaar, wat graag, daar hy al vier jaar in die veld is, 10 maande in die Unie wil bly, nie langer as ses maande kan bly nie daar die kaartjie slegs ses maande duur, en ook is daar nie rede om die Reglement te breek nie. Hy sal sy rustyd neem op die gewone tye nl. November of Mei.

11. Tente: Die tent wat reeds toegestaan is vir die dames van Madzimoyo, sal nou gekoop word. Ds.J.C.du Plessis stel homself verantwoordelik vir die som van £12 vir die doel. Daar sal ook op versoek van die gemeente Bosnof, 'n tent saamgestuur word vir hul sendeling, Eerw. Christie Smit. Hul ora die koste.

12. Kerkraad Harrismith: Antwoord is ontvang, dat weens die depressie die Kerkraad tans nie sy vaste belofte kan aanvaar nie. Dit word besluit óf Ds.Spies òs die Sekretaris te stuur om die Kerkraad te ontmoet en weer oor die saak met hul te beraadslaag.

13. Student Linde: 'n Brief van hom word gelees. Dit word besluit dat, (a) aan hom geantwoord sal word dat daar tans 'n Kommissie van Eksaminatore in die lewe geroep is, en dat hy by daardie Kommissie moet aansoek doen vir die toelatings-eksamen; dat hy dan na ligitimasie volgens Reglement, aansoek moet doen by die A.S.K. vir 'n aanstelling as leraar in ons Sending.
(b) Verder lê die A.S.K. dit as reel neer dat elke kandidaat vir die Sendingveld eers vir tenminste ses maande in die Kerk tuis moet werk. Die A.S.K. sal sorg dat tydelik werk gevind sal word.
(c) Dat in die toekoms geen persoon ilmaal aangestel sal word nie, tensy daar nie eers met hom of haar 'n persoonlike onderhoud plaasgevind het nie.

14. Reglement vir Wolteemdefonds: Hierdie Reglement sal deur die Saakgelastigde en die Sekreteris by die volgende vergadering voorgelê word.

-- Die Notule van die Sending Raad --

15. Daar op Mkhoma nie 'n Evangeliste klas voor 1934 geopen sal word nie en daar ons 8 manne het wat al lang weg om opgeleì te word, versoek die Raad dat daar 'n persoon gestuur sal word sodat vanaf Julie 1932 ons 'n klas te Madzimoyo sal kan begin. Die persoon sal ook vir die Normaalskool kandidate 'n ekstra reeks van klasse hou in Godsdiens onderwys. Dit word besluit dat die saak by die volgende vergadering die aandag van die Kommissie sal geniet, maar dat die Sekretaris intussen sal uitsien na 'n geskikte persoon wat die plek van Ds.Pauw sal kan opvul en ook, indien moontlik, die skool vir Evangeliste sal kan behartig.

16. 'n Korrespondent vir Buiteposte: Die Raad vra dat 'n persoon spesiaal vir die doel aangestel sal word. Dit word besluit die Raad te vra die Boekhouer, as 'n ekstra werk, die korrespondensie van Buiteposte te gee.

17. Hoof van Sending vir ses jaar: Die Raad beveel aan dat in die vervolg die hoof van die Sending vir ses jaar sal aangestel word, en desnoods herkiesbaar sal wees. In beginsel word dit goedgekeur.

18. Boumeester: Die Kommissie neem met dankbaarheid kennis van die feit dat die boumeester sy werk op 'n ekonomiese wyse doen.

19. Broken Hill: Dit word besluit:-
(1) Dr.M.J.Retief te vra na Broken-Hill en die myne te gaan vir tenminste drie jaar om die groot en belangrike werk daar te doen.
(2) Dat aan hom voorlopig £5 per maand vir reiskoste toegestaan sal word.
(3) Na hy die werk oorgeneem het, sal Eerw. en Mev.Smit na die Unie

kom om dan weer in November met die uitgaande party terug te keer en na N.O.Rhodesië. Aan beide Eerw.Smit en Dr.Retief sal telegramme gestuur word.

20. Konsep Konstitusie Sending Kerk in Buiteland: Die versoek van die Raad word toegestaan insake die verskaf van alle gegewens vir die stigting van 'n Kerk. Dit word aan Bi.Kies en du Plessis opgedra 'n konsep konstitusie op te trek en voor die volgende vergadering te lê.

21. Senetasie: Aangaande hierdie saak word 'n brief van Ds.W.A.Krige gelees. Dit word besluit te antwoord dat:-
(a) Met die oog op die groot tekort die Raad te vra deur die hulp van die onderwysers en andere die nodige voorsiening te maak sonder koste uit die Sendingfonds;
(b) Dat die persoon wat op elke stasie met die werk van die Senetasie van die Blankes belas is, die werk vir die Naturelle ook doen, of dat elke naturelle huisgesin self daarvoor voorsiening maak.

22. Locum Tenens: Die Dr.Knobel word 'n plaasvervanger gevra. Hy kom in November op rustyd uit. Daar word besluit dat die Uitvoerende Kom., sal uitsien na 'n Dr. wat gewillig sal wees vir ses maande te gaan, teen 'n salaris van £15 per maand.

23. Winkels op Stasies: Daar word tans tenders gevra, in verband met die saak; hiervan neem die Kommissie kennis. Intussen besluit die Kom. dat hy nie die besluit van die Raad kan goedkeur nie om selfs drie winkels toe te laat nie, daar dit te veel is en onnodig in die handel sal werk.

24. Klein Woning op Maazimoyo: Weens die swaar tye kan die Kommissie tot sy spyt, nie toestemming gee, so 'n geboutjie vanjaar daar te stel nie. (Gebou sal gebruik word vir 'n tehuis vir pasiente wat weg op die hospitaal, of na hul uit die hospitaal is).

25. Duplikator: Die Raad versoek dat 'n duplikator aangekoop sal word. Dit kan tans nie toegestaan word nie.

26. Nuwe dak Dames huis Nyanji: Die Kommissie gee aan die Raad die dak te repareer en te wag tot a.s. jaar.

27. Suster Erasmus en Mej.Botha: Briewe sal gerig word aan Mej.Erasmus om die waardering vir die groot en opofferende werk wat die suster met soveel getrouheid en sukses doen onder die Melaatse, en aan Mej.Botha vir haar trou dienste by al haar ander werk as boekhoudster tydens die afwesigheid van die boekhouer. Ook hoop die Kommissie dat sy spoedig weer gesond sal wees.

28. Sondagskool: Die Kommissie besluit die Raad te verwys na die stuk oor die saak in "Die Basuin" Julie uitgawe, en hoop dit sal van nut wees.

29. Ekstra begroting: Vir twee hospitaal hutte te Hofmeyr £6-. Jongens koshuis te Tamanda £22-. Meidjiestehuis Maazimoyo £12, en £5 vir hutte by die Melaatse op Nsadzu. Hierdie versoeke word toegestaan met die verstandhouding dat die £5 uit die fonds vir Melaatse-geboue geneem sal word.

30. Reparasies te Maazimoyo: Daar die Kommissie a.s. jaar sy ernstige aandag wil gee aan die kwessie van behoorlik pan en sink dakke, word slegs die dak op die ou Europese hospitaal toegestaan. Die ander moet gelap word.

Ds.H.S.M.Botha verskyn in die vergadering, ook Mnr.Nieuwoudt.

31. Finansies: Uitgawe tot op datum £7497. 8. 8.
Inkomste " " " 4657. 2.11.
Tekort " " " £2840. 5. 9.

Dit word besluit:-
(a) Dat die saak deur middel van "De Kerkbode" bekend gestel sal word.

(b) Dat aan die Ring se Sending Kommissie geskryf sal word om te help veral in die gemeentes waar daar nog nie Sending feeste gehou word nie, sulke feeste in die lewe te roep, en te help organiseer saam met die predikant en die Kerkraad van die betrokke gemeentes.
(c) Dat Ds.Koornhof 'n stuk sal skryf oor die saak en veral sal wys op die onewerdigheid in die gee van die gemeentes.
(d) Ds.van Wyk sal 'n stuk skryf oor die Gebed en die Sending.

32. Ds. C.P.Pauw: 'n Brief van Ds.Pauw word gelees waarin hy versoek dat sy uittree en driemaande kennisgewing van 1 Januarie sal begin en nie van die begin van sy rustyd nie. Die Kommissie besluit om by die Reglement te bly en as blyk van waardering vir die lange en trou dienste van Ds. en Mev.Pauw en daarby as hoof van die Sending, hul 'n geïlluminneerde adres en 'n geskenk van £50 aan te bied. Die Uitvoerende Kommissie sal vir die adres sorg.

33. Behoefte werkers(sters): Daar die finansies in so'n haglike toestand is, en daar alreeds besluit is oor die Buitepos korrespondent en 'n predikant wat die vakature veroorsaak deur die Vertrek van Ds.Pauw, word nou besluit dat aan die versoek van die Raad nie kan voldoen word nie, behalwe dat uitgesien sal word vir 'n verpleegster. Die Raad het gevra vir twee onderwysers, drie verpleegsters, 'n geordende leraar en 'n spesiale korrespondent vir die Buiteposte.

-- Raads Kommissie Notule --

34. Waterskemas Derika:
(1) Skema vir meer water in kloof linkerkant van die woonhuis: Dit kannie toegestaan word nie, en dit word besluit die Raadskommissie te vra Serw.K.van Heerden te kry om die boer met raad te dien ten-einde die voor uit die kloof tot in die dam met klippe en gruis uit te lê. Die stene word as te duur beskou en nie so doeltreffend nie. Die sement daar, soos voorgestel, word toegestaan. Die werk aan die voor moet deur die gewone werksvolk gedoen word. Ook kan die Kommissie nie £5 toestem vir die oopmaak van die fonteine nie; dit moet soos elke boer doen, met die werksvolk van die plaas elke jaar gedoen word.
(2) Die groot skema staan oor tot die volgende vergadering.
(3) Die sement muur in die plek waar die ou dam in die groot kloof was, kannie toegestaan word nie omdat die Kommissie meen daar is 'n beter en goedkoper manier, nl. met draad. Ds.B.A.Spies sal dit per skrywe aan die boer duidelik maak.
(4) Skare en egt: Die skare mag aangekoop word, maar nie die eg nie. Die Kommissie stem £2 vir yster tande. Die balke moet van harde hout gemaak word, en die boer moet dit self maak.

35. Briewe:
(a) Kerkraad van die gemeente Merwe: Die Scriba, Evangelis Mateyn Phiri, skryf dat op versoek van die Raad het die Kerkraad £6 per jaar gestem vir reiskoste in die gemeente deur die leraar. Die Sekretaris sal die brief eraan en die dank aan die Kerkraad oorstuur.
(b) Van Serw.Crosa Nkola, Sekretaris van die Alg.Send.Konferensie van N.Rhod: Hy vra £9 as byarae van ons Kerk vir die koste verbonde aan die drie jaarlikse konferensies. Dit word toegestaan.
(c) Mnr.Attie Pienaar doen aansoek om as onderwyser na die Buiteland te gaan. Die vergadering neem met blydskap kennis van hierdie versoek. Die aansoek moet egter volgens Reglement geskied. Ingeval hy aanstaande jaar nie kan gestuur word nie, word aan die hand gegee dat hy voorlopig onderwys in die Unie gee wat kostelik sal wees vir die sendingwerk later.
(d) Dr.Prentice skryf oor basterkinders in N.Rhod: Dit word besluit om meer gegewens in te win deur die Raads Kommissie, en later oor die saak te besluit.
(e) Ds.C.P.Kies maak besware dat die vergadering in die eerste helfte van Augustus gehou word op grond dat hy dan Katkesasie het. Die vergadering keur die handelwyse van die Sekretaris vir hierdie vergadering goed, en aan die Br. sal oor skrywe 'n verduideliking gestuur, en aan sy versoek sal sover moontlik voldoen word.
(f) Van Mej.de Munnik en Mnr.Heyns word briewe gelees insake werk indie toekoms in die onderwys. Dit word vir kennisgewing aangeneem.

(g) Van Mnre Botha (Ficksburg) en Jerling (Bethlehem): Hul bied hul dienste aan in verband met ons mense in Noord Rhodesië. Die briewe sal na die Algemene Armesorg Kommissie verwys word.

36. Verslag van Di.Ferreira en Strydom: Met belangstelling word na die verslag geluister. Op die meeste punte is reeds gehandel in vorige besluite. Aan Dr.de Villiers word dit opgedra die saak van ons mense in Noord Rhodesië spesiaal voor die aandag van die Sin.Kom. te bring. Bymonde van die Voorsitter word die dank van die vergadering aan die twee Brs. gebring vir hul verslag en werk in die Senaingveld.

37. Verhoging salaris: Mnre Taljaard en Groenewald vrn vir verhoging. Hul salarisse is vasgestel, en weens die geldskaarste kan daar nie verhoging geskied nie.

38. Motor Dr.Knobel: Ds.Ferreira rapporteer dat die dokter, weens sy werk, gemoedsaak is om 'n motor te koop. Hy vra dat die A.B.K. £200 van die koste (koopsom) moet insteun. Ds.H.S.M.Botha stel voor dat aangesien daar tans so 'n groot tekort is, alle inkomste van blanke pasiente daarvoor sal gaan tot die £200 gevind is.

11. BINNELAND.

1. Witzieshoek:

(a) 'n Brief word gelees van Eerw.Ross insake die £300 wat die Kommissie hom onder sekere voorwaardes destyds aangebied het. Na die saak bespreek is, word besluit aan Eerw.Ross te antwoord dat die A.S.K. slegs die £300 wou gee daar hy gemeen het dat Eerw.Ross graag sou aftree as hy die pensioen-ouderdom bereik het (1) omdat hy alreeds oor die 60 jaar in die Hoek is, (2) omdat sy gade se gesondheid hier veel te wense oorlaat, en (3) omdat die Kommissie gemeen het dat hy sy deel gedoen het en dat so'n tydperk lank genoeg is vir enige mens om op een plek te werk en dat nie 'n langer werktyd kan verwag word nie; maar nou dat Eerw.Ross nie geneig is om daardie voorstel te aanvaar nie, kan die Kommissie nie meer die £300 gee nie.

Aan Di.du Plessis en Strydom word dit opgedra die saak verder met Eerw.Ross te bespreek, en ook ander sake rakende die werk daar.

(b) 'n Brief van Eerw.Faasen word gelees insake 'n stasie in die gebied van Kaptein Silas. Besluit word dat die saak aan Ds.du Plessis en die Sekretaris opgedra word; om by die volgende vergadering te rapporteer. Maar sal egter gereelde dienste gehou word intussen.

(c) Brief van Minister Jansen en van die Onderwys Departement word gelees rakende die skoolsake in die Hoek. Die Kommissie is bly om te vernem van die vordering wat in die saak gemaak is, in soverre dat die Minister toegestem het dat daar van jaar tot jaar 'n som deur die Reserwe mag gestem sal word vir die onderhou van die skole. Die sin in die brief "vir 'n beperkte tyd" is nog 'n struikelblok, maar die Kommissie hoop dat dit weggeruim sal word.

Verder stem die A.S.K. in met die skema soos deur die Onderwys Departement uiteengesit, nl. 5/- per jaar vir laer skool en 7/- per jaar vir hoër skole per kind; maar wil die Departement daarop attent maak dat die geboue wel op die grond van die Reserwe staan en dit hul eiendom is, maar dat ons die versekering moet kry dat net die N.G.Kerk daarvoor die beheer sal hê, en dat geen ander liggaam daar enige seggingskap sal hê nie.

(d) Die bouery van die skool: Mnr.M.A.Nieuwoudt verskyn in die vergadering. Hy lê die plan uit en verduidelik die hele saak rakende die bouery. Die Kommissie stem in dat Mnr.Nieuwoudt sal toesig hou en dat hy 3% op die bousom vir sy dienste sal kry by die salaris van die voorman, Mnr.Roux, sal £2 gesit word wat sal gaan van 1 Augustus af, vir die huishuur.

2. Briewe:

(1) Kroonstad: 'n Brief van Ds.Bosman insake die sendingwerk te Kroonstad word gelees waarin hy die werk alles aan Kroonstad wil oorlaat, sodat Kroonstad-Noord niks hoef te doen nie. Die antwoord aan hom deur die Sekretaris word goedgekeur, en dit word besluit dat die uitleg van die besluit van die jongste Sinode bl.64 en 149 (Akte Sinode) insake waar 'n groot dorp deurgesny word. Verder sal die Sekretaris met die Kerkraad reel om 'n vergadering met hul te hou en die hele saak volgens die besluit van die Sinode te reel.

3. Kollekte in Sendingkerk:

Die Sekretaris en Ds.van Wyk gee verslag van wat voorgeval het op die Sending Sinode omtrent hierdie saak. Dit word besluit die Moderatuur van die Sending Kerk uit te nooi om die A.S.K. by sy volgende vergadering te ontmoet, teneinde die regte verhouding tussen die Moderatuur en die A.S.K. daar te stel. Verder sal daar rerings getref word sodat die Sinodale Kommissie van die Sending Kerk en die volgende vergadering van die A.S.K. in dieselfde week sal plaasvind teneinde koste vir beide liggame te spaar.

4. Publieke Vergadering:

Aan die besluit dat wanneer die jaar verslag gelees word, sal die saad daar in die stad 'n publieke vergadering gehou word, sal met die Februarie Vergadering uitvoering aan gegee word.

5. A. M. K.

Kragtens die goedkeuring van die doop van hierdie Kerk deur ons Kerk, het die Sinode dit aan die A.S.K. opgedra, sterk protes aan te teken by die hoofde van die A.M.E.Kerk weens hul gedrag tydens die moeilikheid op Kroonstad en Adenville, waar die A.M.E. Kerk twee gesensuurde voormanne van ons as hul leraars opgeneem het. Die Sekretaris word gelas uitvoering aan hierdie besluit te gee.

6. Finansies:

Die geldelike toestand is as volg:-

Uitgawe tot op datum	£1077.11. 7.
Inkomste " " "	717. 1.11.
Tekort " " "	£360. 9. 8.

7. Briewe:

(1) Ds.v.d.Walt insake Mnr.Theron wat aansoek gedoen het om as onderwyser aangestel te word. Die Kommissie berus by die antwoord van die Sekretaris, nl. dat ons bly is vir Mnr.Theron se aansoek en so gou as daar 'n opening is sal ons hom 'n pos gee in die naturelle onderwys in ons Sending skole in die O.V.S.

(2) Ds.Gertenbach insake hulp vir salaris van hul Sendeling. Die Kommissie sal met 'n klein bedrag help maar alleen as dit blyk dat die Sending en Moeder Kerkrade nie dit kan bybring nie om die volle salaris te vind nie.

(3) Ds.Hofmeyr: Hy skryf dat die inrigting in geldelike moeilikheid is, en vra dat die £100 dadelik gestuur mag word. Die versoek word toegestem (jaarliks gee hierdie Kommissie £100 aan Stofberg).

(4) Jagersfontein: Briewe van Di.v.Niekerk en Minnaar word gelees insake die werk daar. Dit word aan Ds.van Wyk en die Sekretaris opgedra met 'n minimum van koste 'n vergadering te reel met die Brs en sake te besleg.

(5) Parys: Ds.Viljoen vra dat die toelaag aan Parys vir die salaris van die Sendeling asseblief nog 'n rukkie moet voort duur. Dit word besluit vir nog 6 maande teen £5 per maand.

(6) Briewe van Eerw.P.Mongonela en Evangelis Asser Sentso word gelees. Hul is beide tans uit werk daar onder in hul plek aangestel is. Besluit aan die betrokke Kerkrade te skryf en hul daarop te wys dat dit baie onbillik is die werkers met so'n kort kennisgewing te ontslaan, en te vra dat hul gehelp sal word daar hul tans sonder inkomste is.

(7) Brief van Eerw.Gec.Willemse word gelees insake die aanleer van die stamtaal, en die besluit van die laaste Sinode dat die A.S.K. moet toesien dat elke sendeling die taal ken. Die Br skryf dat die besluit nie op hom betrekking het nie en dat hy geen bevele van die A.S.K. sal duld nie.
Die word besluit dat:
(a) Aan die Sinodale Kommissie die brief van Eerw.Willemse voorgelê sal word daar die toon van die brief baie skerp is, en ook
(b) 'n afskrif aan die Kerkraad van Smithfield te stuur met 'n afskrif van die brief van die Sekretaris insake die aanleer van die taal;
(c) 'n omsendbrief aan elke Kerkraad te stuur waar daar 'n Sendeling is met die versoek dat hul sal moet toesien dat aan die besluit van die Sinode uitvoering gegee word.
(d) Ook 'n skrywe te rig aan die eksamen Kommissie om
(1) Vroegtydig 'n kennisgewing met die datum vir (i) inskrywing en (ii) eksamen uit te stuur en (iii) wat die vereistes van beide eksamens is.

8. Werk op die Myne:

Die saak is nog nie gereel in verband met die werk in die gemeentes in Rhodesië en op die myne nie. Dit word besluit dat die A.S.K. van die Kaap sal gevra word die myne in Suid-Rhod. en die A.S.K. van die O.V.S. in Noord-Rhod bearbei en wel as volg:

In Suid-Rhodesië sal daar een of meer sendelinge wees. Hul sal staan onder die beheer van die plaaslike predikant en Kerkraad, maar sal ondersteun word deur die A.S.K. van die Kaapse Kerk, daar die lidmate uit die twee groot velde, Nyasaland en Rhodesia-land, kom.

Die A.S.K. van die O.V.S. sal dieselfde doen met die groot getalle wat daar tans op die myne in Noord-Rhodesië is. Die Sekretaris sal skrywe aan die Kaapse Kommissie, en indien nodig, met hul 'n onderhoud reel.

III. DIE JOODSE SENDING.

1. Op versoek van die Voorsitter gee die Sekretaris 'n kort verslag van die werk van Mej.Venniker. Dit blyk dat sy 'n toegewyde en bekwame werkster is, en dat sy in die geloof die groot werk doen.

2. Dit word besluit om haar permanent aan te stel, voorlopig nog vir dieselfde salaris nl. £12.10/- per maand, maar die Kommissie kry opdrag dat sodra die Finansies dit toelaat, haar salaris 'n weinig te verhoog.

IV. "DIE BASUIN".

1. Tietel Blad: Dit sal nou wees "Die offisiele Blad van die N.G.K. van Suid-Afrika."

2. Die Sekretaris word afgevaardig die Kommissie uit die Transvaalse Kerk te ontmoet, en met hul te onderhandel insake samewerking met ons in "die Basuin" ens.

3. 'n Skrywe sal gerig word oor die saak aan die Sinodale Kommissie.

4. Dat aangesien daar £100 per jaar vir 3 jaar uit die Kerkbode Fonds deur die Sinode aan "Die Basuin" gegee is, £50 vir redaksionele en £50 vir administratiewe doeleindes sal gaan. Die £50 vir redaksionele uitgawes sal as volg geskied: £30 p.j. vir die Redakteur en £20 vir redaksie hulp en vir artiekels.

5. Ds.van Wyk en die Redakteur sal sorg dat sekere persone benoem word wat verantwoordelik sal wees vir sekere rubrieke, en hul sal ook reel wat per bydrae betaal kan word.

6. 'n Brief van Eerw.Blignault word gelees. Hy het bedank as vaste medewerker vir die Binneland. Ds.du Plessis sal hom persoonlik spreek en probeer die misverstand uit die weg ruim.

Die werk is afgedaan, en die vergadering word met gebed gesluit.